SSK
Agri Land
September 2016
WENAKKER
NUUSBRIEF • NEWS LETTER

"Ek wil sing tot eer van die Here solank as ek lewe, ek wil psalm sing tot eer van God solank as ek daar is" (Psalm 104:33)

# SSK ALGEMENE JAARVERGADERING: TOEKOMSBLIK
# SSK ANNUAL GENERAL MEETING: FUTURE VIEW

Daar heers groot onsekerheid oor hoe die omgewing gaan lyk waarin die kommersiële landbou in die volgende jaar gaan besigheid doen. Die voorspelling is dat daar nog baie konsolidasies in die landbou gaan plaasvind, met veral landboubesighede wat gaan saamsmelt en saamwerk met die doel om die aanbodsketting en infrastruktuur beter te kan diens. Verder word produksie-eenhede al groter in 'n poging om die eenheidskoste te verlaag om internasionaal te kan meeding.

The debate on land reform and land issues will not be solved as long as the government attempts to swim against the current of international realities. The reality is that land ownership does not create wealth. Wealth is only created if the land is used productively.

SSK will in these times of uncertainty, also have to consider what its strategy will be, given its own strengths and weaknesses. SSK will continue to select the right business partners and participate in the supply chain. New technologies will have to be examined constantly, productivity will have to be increased and management will have to remain flexible.

SSK se betrokkenheid by sy filiale en geassosieerdes is die gevolg van 'n voortgesette ingesteldheid om besighede in die streeksgebaseerde landbouwaardeketting op te rig. SSK se nuutste beleggings in Hessequa Abbatoir en Eureka Meulens bied groot uitdagings en geleenthede in dié verband.

SSK as organisasie is nederig dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons uit Sy Hand ontvang en sien met vertroue uit na die res van die finansiële jaar.

***Uitreksel uit Voorsittersverslag deur Michael Dippenaar***



**Die trotse ontvangers van die Hoofbestuurstoekenning by die Algemene Jaarvergadering:** Henk de Beer (Hoofbestuurder), Oeloff Badenhorst (Hoofbestuurder), Gertjie Odendaal (AgriLand Swellendam), Francois Kistoor (SSK Veevoere), Elzaine Jansen (Aankope Mosselbaai), Sicelo Mdliwa (AgriLand Huishoudelik Swellendam), Isabel Geldenhuys (AgriLand Mosselbaai), Carola Koekemoer (Versekering Swellendam), Villiers van Veen (Hoofbestuurder), Michael Dippenaar (Voorsitter) en Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte). Inlas foto: Marius Stander (Graan Karringmelksrivier)



**V.l.n.r:** Koos van Zyl, Michelle Kluyts, Emmie Germishuys en Hendrik Pienaar



CD du Toit (links) en Hoppies Hopkins (regs)

# SUID-KAAP JONGBOERFORUM BESOEK AAN FAIR CAPE DAIRIES

Die Suid-Kaap Jongboerforum het in Februarie besoek afgelê by Fair Cape Dairies. Die Loubser familie het 130 jaar gelede op die plaas Welgegund, wat ongeveer 15km van Kaapstad is, begin boer. Die plaas is in 'n tradisionele koring-area, maar die huidige boerderyvertakkings bestaan uit 'n koring-, wingerd- en suiwelvertakking.

Die onderneming het besluit om self die rolspelers uit te skakel in die melkbedryf en hulle eie produk tot op die rak te neem. Vandag is verskeie Fair Cape suiwelprodukte soos vars melk, joghurt, amasi en nageregte in supermarkte landswyd beskikbaar.

Die onderneming glo dat elke vertakking hulself finansieel moet dra en nie mekaar moet subsidieer in swaar tye nie. Die Jongboerforum was bevoorreg om saam met Johannes Loubser (Fair Cape Melkproduksiebestuurder), begelei te kon word deur die melkstal en koeihuise. Daarna is die melkverwerkingsaanleg van Fair Cape besoek, waar Melt Loubser (Besturende Direkteur) ons agtergrond verskaf het rondom die verwerking en bemarking van suiwelprodukte.

Vir my as jongboer, was die entoesiasme en positiewe siening oor ons land en die landbou wat by hierdie onderneming heers, van onskatbare waarde en 'n ware voorbeeld wat ons sal nastreef.

*Nico de Wet*





**V.l.n.r:** Nico de Wet (SSK Landbou-ekonoom), Attie Odendaal, wyle Rudi Leicher, LG van As (Voorsitter – Suid-Kaap Jongboerforum), Kosie de Wet, Jaques Odendaal, Albrecht Smuts, Johann Nel, Dehan van Deventer, Bertus Streicher, Matthys Streicher, Villiers van Veen (SSK Hoofbestuur), Johannes Loubser (Fair Cape Dairies), Arno Schoonwinkel en Pieter Blom (SSK Landboukundige)

# SÓ PRODUSEER SSK LEDE TEENOOR LANDSWYE PRODUKSIE

| KOMMODITEIT | PRODUKSIE SSK BEDIENINGSGEBIED | PRODUKSIE NASIONAAL | % |
|---|---|---|---|
| Koring (tonne) | 136 322 | 1 440 000 | 9.47% |
| Moutgars (tonne) | 85 946 | 332 000 | 25.89% |
| Canola (tonne) | 35 814 | 93 000 | 38.51% |
| Ontbythawer (tonne) | 7 407 | 75 000 | 9.87% |
| Korog (tonne) | 833 | 5 600 | 14.87% |
| Skaapvleis (eenhede) | 302 167 | 5 668 306 | 5.33% |
| Beesvleis (eenhede) | 43 110 | 2 898 356 | 1.49% |
| Melk (liter) | 450 000 000 | 3 000 000 000 | 15.00% |
| Wol (tonne) | 4 392 000 | 45 587 652 | 9.63% |
| Sybokhaar | | | 16.43% |
| Appel | 5 136 | 22 925 | 22.40% |



# FOKUS OP: ANNELIE VAN WYK

## (MENSLIKE HULPBRONNE SPESIALIS)



'n Familiekuier vroeër die jaar by Jakkalsvlei

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN:

Ek en my man Fanie, ('n kliniese sielkundige), woon die afgelope 8 jaar in Mosselbaai. Ons sou nêrens anders in die wêreld wou bly nie. Ons het 3 dogters en 'n seun en is die geseënde grootouers van 2 kleindogters, Emma en Mia. (Ons hoop natuurlik dat daar nog baie kleinkinders oppad is!)

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Vir ons is die lekkerste ding op aarde om al ons kinders om 'n groot tafel by ons te hê. Ons hele familie hou van kamp en probeer om elke jaar ten minste een maal saam 'n paar tentjies op te slaan. Ek en Fanie stap graag en doen elke jaar so 2-3 staptoere. Volgende jaar beplan ons om in Februarie vir die derde keer die Otter te stap en die Visrivier is ook in ons visier. Fanie kajak weekliks van die seiljagklub af tot om die Punt. Ons het ook 'n dubbelkajak en ek roei soms saam. Tot dusver het ons gelukkig nog nie 'n Groot Witte gesien nie, maar gereeld dolfyne en selfs al 'n paar keer walvisse, baie naby. Ons is almal baie lief vir die see.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS SO VER:

Ek het Sielkunde studeer, maar het besluit om eerder op Menslike Hulpbronne te fokus. Ek was jare terug 'n kollega van Erenst Pelser, Jan Weys, Lourens Enslin (Technifarm) en Francois de Wet (Mosstrich) by die ou Nywerheidsontwikkelings Koöperasie (nou IDC). Ek is tans Spesialis Menslike Hulpbronne by SSK.

### WAT IS JOU GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE TOT OP HEDE?

My grootste loopbaan prestasie is dat ek nog altyd alle poste wat ek beklee het gate uit geniet het. Ek sê gereeld vir mense dat ek die lekkerste werk op aarde het.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Oor 5 jaar is ek afgetree en hopelik besig met 'n nuwe loopbaan wat ek ook gate uit gaan geniet. Ek het geen twyfel dat SSK oor nog 85 jaar, (in 2101), steeds op die kruin van sukses gaan wees nie. Ek hoop dat my agterkleinkinders dan by SSK sal werk!

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET EN VAN WIE?

Ek is baie gelukkig en dankbaar dat albei my ouers nog leef. Hulle het ons van kleins bewus gemaak van lewensvreugde en verwondering oor klein dingetjies. My lewensfilosofie is dat "alles ten goede meewerk".

### IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek is in Kaapstad gebore, getoë in Blou Bul-land en het van kleins af rugby gekyk op Loftus. Hulle steek my deesdae in die skande, maar my bloed sal altyd blou bly.

# SSK VERSEKERING PRESTEER!

SSK se Swellendam en Heidelberg versekeringspanne, het onlangs die Silwer Toekenning vir makelaars in die Boland Streek ontvang tydens Santam se jaarlikse prysuitdeling in die Paarl. Baie geluk James, A'nel, Michelle, Abrie, Carola en Diaan!

'n Groot prestasie is onlangs behaal deur Yolande Barnard, Versekeringsadviseur van SSK Versekering in Mosselbaai. Sy het naamlik 'n derde plek landswyd behaal met haar uitslae in die UNISA Programme in Advanced Insurance Practice in die kategorie Assosiaat. Die studies word onderskryf deur die Versekerings Instituut van Suid-Afrika en is bekend vir die moeilikheidsgraad van die studierigting. SSK Versekering kliënte is dus voorwaar in goeie hande!

Web: www.ssk.co.za | FSP 1107



**Op die foto:** Mike Glasby (Head: Broker Services South), Carola Koekemoer (Versekering Swellendam), Abrie Jooste (Versekering Swellendam), Retha Schreuder (Santam).



Yolande Barnard, Versekeringsadviseur van SSK Versekering in Mosselbaai

# LOURENS ENSLIN VAN TECHNIFARM

## "PRESTASIE DEUR PRESISIE"

"Om vandag te boer, vereis 'n man van inbors. In die lig van dreigende grondonteiening, plaasaanvalle, veranderende weerpatrone, stygende insetkoste en onstabiele kommoditeitspryse, is dit voorwaar 'n uitdagende bedryf om in te wees", begin Lourens ons gesprek.



Ons ontmoet by die Stellenbosch vliegveld op 'n koue, reënerige wintersdag. Ek het gemengde gevoelens oor die weer... Lourens het beloof dat ons met sy vliegtuig oor Gordonsbaai gaan vlieg en ek is aan die een kant baie teleurgesteld dat dit nie kan realiseer nie. Aan die ander kant is ek verlig, want hy het vooraf gewaarsku dat hy net mense in sy vliegtuig toelaat wat bereid is om self vir 5 minute te vlieg!

Ek ken Lourens al van die vroeë 90's toe ons kollegas was by die ou Nywerheidsontwikkelingskorporasie (nou IDC). Hy was destyds Adjunkhoof-bestuurder met verantwoordelikheid vir Inligtingstegnologie-en Infrastruktuur. Na 1994 met 15 jaar diens, was hy geforseer om 'n loopbaan skuif te maak. Hy vertel dat sy vrou, Elize, voorgestel het dat hy 'n lysie maak van sy loopbaanvoorkeure; dinge waarvan hy hou, en dinge waarvan hy wil wegkom. Dié lysie het êrens vergete in 'n laai bly lê en onlangs was hy verbaas toe hy dit weer vind: Voorkeure - "tegnologie, buitelewe, 4X4's, motorfietse, vliegtuie, en om in 'n klein groepie, professionele mense te werk". Nodeloos om te sê dat hy al sy destydse loopbaandrome met Technifarm kon verwesenlik. Op die koop toe gebruik hy sy ondervinding en kennis van inligtingstelsels op 'n daaglikse basis.

### WAT DOEN TECHNIFARM?

Technifarm is 'n presisie landbou monitering- en metings maatskappy. Die proses begin met GPS-opmeting van 'n plaas, waarna die grond geklassifiseer word om potensiële oesopbrengs te bepaal. Die voedingstatus, (soos vlakke van fosfaat, kalsium, kalium), word gemeet deur GPS-grondmonsters te neem, wat by 'n laboratorium ontleed word, waarna Technifarm chemiese statuskaarte en aanbevelings doen vir bemesting. Volgens Lourens is daar geen plaas ter wêreld waar grondmonsters homogeen toets nie.

Met behulp van effektiewe afstandwaarneming soos infra-rooi lugfoto's en satellietbeelde word gesaaides deurentyd gemonitor. Voordele daarvan is dat groot hektare vinnig gedoen kan word teen hoë resolusie - afstandwaarneming bring inligting en dis nie nodig om data te gaan insamel, skoon te maak en te verwerk nie.

Dmv GPS-tegnologie, en geografiese databasisse en die regte bemesting, kan probleemareas aangespreek word om sodoende opbrengs te verhoog. Opbrengsmonitors in stropers wat aan 'n GPS gekoppel is, gee aan die einde van die seisoen vir die produsent 'n goeie geheelbeeld van waar variasie in sy lande voorgekom het.

Uniek van Technifarm, (en dit wat hulle van hul kompetisie differensieer), is dat die volle sirkel van presisie boerdery deurloop word; van die aanvanklike opmeet van die plaas tot die finale oes. Nie net word die presisietoerusting verskaf nie, maar ook diens met die verwerking van die data.


Technifarm se Hoofkantoor is in Swellendam, met ook 'n streekskantoor in Potchefstroom. SSK besit 50% aandele in die Maatskappy, Lourens self 10% en Omnia Holdings Ltd het onlangs 'n 40% aandeelhouding bekom.

Lourens sluit af: "'n Kitsantwoord is daar ongelukkig nie vir die probleme wat landbou vandag in die gesig staar nie, maar ekologiese intensifikasie tov gewasverbouing vind beslis plaas. Daar sal gepoog moet word om die maksimum opbrengs uit elke hektaar beskikbare grond te kry. Presisie boerdery is beslis deel van die Beste Bestuurspraktyk vir 'n landbouer om opbrengs te verhoog, insetkoste te verlaag en risiko's te verminder terwyl die omgewing bewaar word vir die nageslag".

Ons groet en die onuitwisbare indruk waarmee Lourens my laat, is dat hy, soos die boere wat hy bedien, ook 'n man van inbors en integriteit is.

*Annelie van Wyk*

TECHNIFARM



Vegetasie indeks (ndvi) van 'n paar kampe

# SSK VROUWEES WORD BEHOORLIK GEVIER!

Op Donderdag 4 Augustus het die George stadsaal in Alice se wonderland van fantasie, kleur en geur verander. Dit was voorwaar 'n feestelike geleentheid wat deur 'n ieder en elk terdeë geniet is.



Die George stadsaal was nog selde so feestelik!



**V.l.n.r:** Die pryswenners vir die mees "wonder"like kostuums: Corinne Smit, Tillie Reitz, Hildegart Meyer en Johan Myburgh (Takbestuurder) (Foto: George Herald)



**V.l.n.r:** Patrys Erasmus (Herold), Megan Kirby en Tilla Rheeder (George) was in die gees van die dag geklee.






# SSK NOU OOK 'N ZIMMATIC HANDELAAR

SSK Meganisasie is reeds vir sowat 2 jaar 'n handelaar van Lindsay, die vervaardigers en verspreiders van onder andere Zimmatic spilpunte en onderdele.

Lindsay Africa vervaardig feitlik al die staal komponente vir Zimmatic spilpunte by sy 17,000m² aanleg in Bellville-Suid, te Kaapstad, waar sowat 70 mense in diens is.

Zimmatic spilpunte word wêreldwyd vir meer as 55 jaar deur duisende boere vertrou om effektiewe, betroubare besproeiing toe te dien. Trouens sommige van die spilpunte wat gedurende die sewentigs en vroeë tagtigs in SA opgerig is, word steeds daagliks gebruik.

## HOE BEVOORDEEL SSK SE VERBINTENIS MET ZIMMATIC VIR JOU?

- 'n Nuwe Zimmatic spilpuntstelsel kan deur SSK bestel word (SSK maak gebruik van kundige ontwerpers).
- SSK Meganisasie beskik oor 'n puik oprigtingspan wat nuwe stelsels oprig asook herstelwerk doen.
- Die Zimmatic aanleg is in die Wes-Kaap en hou voorraad van die meeste onderdele aan, dus is na-verkope diens op jou voorstoep.
- SSK hou self voorraad aan en beoog om ook hierop uit te brei.
- Finansiering van spilpunte is beskikbaar via SSK se krediet fasiliteite.




## WAT MAAK ZIMMATIC ANDERS?


- Zimmatic spilpunte is taai en betroubaar, (hul maak slegs van strukturele staal gebruik vir die struktuur).
- Alhoewel Zimmatic voortdurend verbeter op die ontwerp van sy masjiene, is die onderdele universeel binne die Zimmatic reeks beskikbaar. Nuwe onderdele pas dus ook op ou splipunte.
- Zimmatic bied die mees omvattende reeks oplossings in die besproeiingsveld – van spilpunte tot toonaangewende outomatisering en meer.
- Lindsay belê in voorraad, daar is dus nie 'n lang wagtydperk vir jou spilpunt of onderdele nie.

## MET WIE MOET JY GESELS OM MEER UIT TE VIND OF 'N KWOTASIE TE KRY?

Praat met jou SSK Meganisasie tak, AgriLand handelstak, of kontak gerus vir Lindsay direk by 021-986 8900. Jy kan ook Lindsay se webtuiste besoek by www.zimmatic.com







Die CR8070 is 'n klas 8 stroper met 286kW en die CR9080 'n klas 9 wat 360kW lewer.
Doeltreffende kragverbruik van hierdie enjins lei tot laer brandstofverbruik en besparing van kostes.
CR Rotorstropers met sy unieke dubbelrotorkonsep bied deurgaans minder graanbrekasie en voortreflike graangehalte as gevolg van die egalige, onbelemmerde materiaalvloei en ligte vryfaksie.
Toegewyde opleiding en bystand op presisieboerdery, sagteware is ingesluit.
Kontak jou naaste New Holland handelaar of skakel Roelf Stofberg 082 459 6846

NEW HOLLAND AGRICULTURE
JOU SUKSES - ONS SPESIALITEIT

Tindrum 14/197

# BILLY COLBORNE, MOHAIR LEGEND: A MODEST ACHIEVER OF NOTE



Billy Colborne, recipient of the prestigious Ermenegildo Zegna Mohair trophy for 2015 with Paolo Zegna, Chairman of the Zegna Group. (Photo supplied by Robyn Rütters of Mohair SA)

I had heard about the many World- and South African records that Billy Colborne holds and that was mainly the reason for my visit to him, his wife Irene and their son Fred on their farm Killborne in the Grootrivier district near Willowmore. I had originally intended an article showcasing his many achievements, but he stopped me in my tracks: "I do not want this to be an article about me. I am a modest man. Rather write about my passion for Angora goats and Mohair". That made it very difficult for me, as it is almost impossible to ignore the many accolades and awards bestowed on Billy through the years.

When asked how long he has been farming with Angoras, he replied: "Angoras are in my blood. I grew up eating bokvleis". The original farm was bought by Billy's grandfather in 1925 and he had the wisdom, even then, to start farming with Angoras long before it became fashionable. At that time the fiber was transported to Willowmore in a railway bus, where it was loaded on to the train on its way to the Port Elizabeth harbour. According to Billy prices at that stage were so low that it barely covered the expense of the transport.

The story of how Angora goats arrived on our shores and grew in numbers is truly amazing. In 1838 the Sultan of Turkey sent twelve neutered rams and one female to Port Elizabeth, halfway across the world. The rams were rendered infertile, as the Sultan wanted to protect his country's powerful mohair empire. What he didn't realize though, was that the ewe on board was pregnant and gave birth to a kid ram en route to Africa, which was the start of the industry in South Africa. Today's Karoo region produces the most mohair in the world, approximately 50% of total world production, - all thanks to the Sultan's mistake and a pregnant ewe. South African mohair (Cape Mohair), is today regarded as the finest and best quality in the world. The United States of America (Texas), Turkey, Argentina, Lesotho, Australia and New Zealand are other producers.

Mohair is sometimes referred to as "the diamond fiber". It belongs to the group of fibers referred to as specialty - or luxury animal fibers and is one of the most ancient fibers known to man. The birth of the mohair industry took place in Ankara, Turkey, which was also the first country to supply mohair as a raw material. Mohair grows approximately 25mm in length per month (i.e. approximately 300mm per year), irrespective of age, and Angora goats are generally shorn six-monthly in South Africa. The first shearing takes place in January/ February, around six months after birth, and the second shearing, six months later, in July/August The mohair obtained from the first two shearings, (i.e. at 6 and 12 months,) is generally classified as Summer- and Winter Kids, respectively. The shearing obtained from the third, (and also sometimes from the fourth), shearing (i.e. at 18 months and sometimes at 24 months) is classified as Young Goats and after that, (i.e. from the fourth or fifth shearing, i.e. from the age of 24 or 30 months), the hair is classified as Adults. The goats generally produce more fiber in summer.

In 2014 the Colborne's sold an Angora ram for the world record price of R118 000. In 2015 Billy won the prestigious Ermenegildo Zegna Mohair trophy for the highest price achieved for Kid mohair, namely R859.00 per kg. This was the ninth time that he had received this award. He is furthermore one of 3 finalists for the 2016 award.

Billy attributes his success to the hard work that his son, Fred puts into the farm as well as the fact that they manage their stock 100% at all times. Billy is a young 80 and is still actively involved in the day-to-day running of the farm. Angora goats tend to thrive in areas of low rainfall and humidity, and can survive extreme temperatures, but are sensitive to cold after shearing, particularly a combination of cold, wind and/or rain. The Colbornes have sheds at strategic places on the farm to provide for a sudden cold front after shearing. Electric fences protect their stock from fox and caracal and Fred also has a pack of foxhounds eager to follow the scent of an intruder. Billy tells of how Angora goats thrive on the pods of thorn trees adding that they are "light" on a veld causing little, if any, damage. They can graze on widely different types of pasture, from about 30cm to 1.6m above ground level.

I thoroughly enjoyed my visit to Billy and Irene on a cold wintry day in the Karoo. The animated conversation around the dining room table and coffee and homemade rusks that Irene provided left a lasting impression.

Please allow me the liberty of bragging one last time about Billy: he also holds Springbok colours for winning the 1981 SA Games Sheepdog Championships with his dog, Roy.

I can understand why Billy is considered a living legend in the Mohair industry. He truly is a remarkable man.

*Annelie van Wyk*
*(Data: www.mohair.co.za)*



Billy's Angoras with the Groenrivier mountains as backdrop

# Tweedehandse Toerusting

SSK
SSK GEORGE

HENNIE BARNARD - 079 499 5342

ALLE PRYSE SLUIT BTW UIT


TAARUP 3M HARK - R25 000


STROOIER MET KORINGBAK - R60 000 (MET EKSTRA BELT)


2005 SAME EXPLORER 90 - R115 000


17 TAND SCARIFIER - R45 000


2008 NEW HOLLAND Br550 BALER - R185 000


2009 NEW HOLLAND TD90DT (NUWE BANDE) - R235 000


2007 NEW HOLLAND TM135 - R285 000


1985 FORD 7610 - R75 000



KRONE BALER 1550 - R180 000

# CAP: SSK SE BONDGENOOT IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING


Om 'n volhoubare sosiale verskil in die Suid-Kaap gemeenskappe te maak het SSK 'n vennoot gesoek wat ervaring in die sektor het, deursigtige finansiële prosesse handhaaf en die beste praktyke in ontwikkeling beoefen en daagliks nastreef. Ons het daardie vennoot in CAP (Community Action Partnership) gevind en gaan voortdurend hul projekte waarby SSK betrokke is, met ons lede deel.

Onderstaande is 'n impakwiel wat opsommend CAP se projekte wys, die impak wat dit ekonomies en sosiaal maak, asook hoeveel begunstigdes daarby betrokke is. Deur hulle te ondersteun bereik ons 4 kardinale doelwitte naamlik:

1. Ons is beter toegerus om die behoeftebepalings in ons gemeenskappe te kan uitvoer en evalueer;
2. Ons investeer in ons toekomstige werksmag en leiers van môre;
3. Ons bou gesamentlike welvaart vanaf voetsoolvlak in ons gemeenskappe; en
4. Ons betrokkenheid is bydraend tot ons SEB teikens

Ons beplan om die goeie werk wat hier gedoen word ook op 'n volhoubare basis te kan fasiliteer in die groter SSK bedieningsgebied.

Vir meer inligting oor CAP kontak gerus hul Besturende Direkteur: Ilze Olivier by ilze@capnpc.co.za of 028 514 1025 / 082 547 8803



# NUWE AGRILAND HUISHOUDELIK




Francois Moller (Takbestuurder AgriLand Huishoudelik Swellendam), Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte) en Andre Burger (Senior Bestuurder: Handel) knip die lint by die amptelike opening van die nuwe AgriLand Huishoudelik- tak in Voortrekstraat, Swellendam. Kom loer gerus in vir winskopies en advies.
















## SSK

# LANGDIENS ERKENNING

*Julie, Augustus en September*


**20 JAAR:** T Wait, G S Taylor en M Rheeder

**15 JAAR:** J Esau

**10 JAAR:** R Swart en A Koen, A Pietersen

## REËNVAL IN STREKE

| | JUNIE | JULIE |
|---|---|---|
| ABERDEEN | 5mm | 8mm |
| ALBERTINIA SILO | 31mm | 56mm |
| ASHTON | 41mm | 45mm |
| AVONTUUR | 52mm | 40mm |
| GEORGE | 44mm | 56mm |
| HEIDELBERG | 36mm | 63mm |
| HEROLD | 38mm | 25mm |
| JOUBERTINA | 16mm | 28mm |
| KARRINGMELKS | 51mm | 44mm |
| KNYSNA | 62mm | 54mm |
| MISGUND | 32mm | 34mm |
| MOSSELBAAI | 28mm | 32mm |
| PLETTENBERGBAAI | 52mm | 51mm |
| PROTEM | 40mm | 88mm |
| RIVERSDAL SILO | 44mm | 31mm |
| SWELLENDAM | 69mm | 65mm |



# 'N MOOI STORIE UIT DIE OU DAE

Hierdie padteken op die N9 tussen Uniondale en Willowmore vertel 'n baie mooi storie. Jare gelede het oorlede oom Meyer van Rensburg besluit om vir water te boor op sy plaas Rottanglaagte wat aan die grootpad grens. Almal het hom gewaarsku dat hy letterlik en figuurlik sy geld in die water gaan gooi, want ondergrondse water is so skaars soos hoendertande in daardie geweste. Oom Meyer bid toe vir die Here en maak die belofte dat indien hy water sou raak boor, hy "vir altyd vir die land water sou gee". Die storie loop dat hy skaars begin boor het toe hy 'n baie sterk, standhoudende aar suiwer Karoowater raakboor. Trou aan sy gelofte het hy dadelik 'n pyp laat aanlê na die grootpad. Vandag kan dorstige reisigers hulle dors daar les, min wetende van die mooi storie agter die kraan.







Francois Moller en sy personeel ryg behoorlik die pryse in! Caltex, Voortrekstraat, Swellendam, het onlangs die tweede plek behaal vir uitnemende kliëntediens, in die "Customer First" kategorie in die Wes-Kaap. Caltex, Koornlandstraat het 'n tweede plek behaal vir die Klein-handelaar van die Jaar.

## TOP 10 WYNE: DER KELDERMEISTER

### SWELLENDAM

1. **Sedgwicks Old Brown** Sherry
2. **Van Loveren** Sauvignon Blanc
3. **Excelsior** Merlot
4. **Van Loveren** Pinotage
5. **Arabella** Sauvignon Blanc
6. **SSK** Cabernet Shiraz
7. **Uitvlucht Rooi** Muskadel
8. **Van Loveren** Colombar
9. **SSK** Shiraz
10. **Boplaas Cape Ruby** Port

### MOSSELBAAI, GEORGE EN PLETTENBERGBAAI

1. **Jakkalsvlei** Rosé
2. **Villiersdorp** Hanepoot **Jeripigo**
3. **Jakkalsvlei Coffee** Pinotage
4. **Bonnievale Cab** Sauvignon / Merlot
5. **Excelsior Purebred** Red
6. **Diemersdal** Sauvignon Blanc
7. **SSK** Shiraz
8. **Bon Courage** Sauvignon Blanc
9. **Villiersdorp** Port
10. **Beyerskloof** Pinotage

GT668349

The only **2.2 Automatic Single Cab** in SA.
Also available in **Super Cab** and **Double Cab.**



**RANGER** 2.2 TDCi 4x2
XL Single Cab Auto
FROM **R311 900***
- Radio with Bluetooth®
- 3 500kg towing capability
- 1 198kg payload capacity

**RANGER** 2.2 TDCi 4x2
XL Super Cab Auto
FROM **R357 900***
- 3 500kg towing capability
- 1 111kg payload capacity
- 800mm wading depth

**RANGER** 2.2 TDCi 4x2
XL Double Cab Auto
FROM **R384 900***
- Electronic Stability Programme
- ISOFIX child-seat anchors
- Trailer Sway Control

*Total amount shown exclude fees, deposit and vehicle optional extras.

BUILT Ford TOUGH

FORD RANGER

B&M Garage, Swellendam. Tel: 028 514 1150
After hours: Arno on 076 682 8734
or Connie on 073 263 0529

# MENSE EN DINGE



**V.l.n.r:** Petros Bojana, Ricardo Prins en Maxwell Ngame: trotse Brandstofjoggies op hulle pos by Mosselbaai AgriLand



Louis Booysen van AgriLand Swellendam het sy eerste Comrades voltooi in 'n tyd van 10uur, 56 minute. Aanhouer wen!



Gertjie Odendaal, SSK se eie TV ster van "Oppiestoep" onlangs as hofnar, (seremonie-meester), by AgriLand George se Vrouedag feesviering.




James Baker (Jonsson), Andre Burger, Oeloff Badenhorst en Johan le Roux by die onlangse opening van die Jonsson Zone by AgriLand Mosselbaai. AgriLand George en Swellendam het ook reeds Jonsson Zones.



Erenst Pelser en Michaela Zietsman van die Noord-wes Universiteit by die onlangse Agbiz konferensie. Sy is 'n Meesterstudent in Risiko-bestuur en is deur SSK geborg om die konferensie by te woon as deel van 'n Agbiz inisiatief.

## PIET SWART: ONS GROET SENIOR BESTUURDER, KOLLEGA EN VRIEND



Ons neem einde Augustus afskeid van Piet Swart, 'n man wat oor die afgelope 31 jaar diep spore by die ou Langkloof Boere Koöperasie, Tuinroete Agri en meer onlangs by SSK laat. Sy nalatenskap sal nog lank voortleef. Ons beste wense vergesel hom en sy gesin.

# SUPERSPAR HARTSOGGEND DEUR CAP

Die Superspar Hartsoggend 2016, ter viering van Nasionale Vrouedag, is aangebied deur CAP (Community Action Partnership) by die Swellendam Skousaal op 9 Augustus. Tesame met die vermaak deur Wynand en Cheree Strydom was Ilze Olivier die motiveringspreker. R20 000 is met hierdie spoggeleentheid ingesamel vir opheffingsprojekte.





**Voorste ry v.l.n.r:** Belinda Fourie, Andy van Tonder, Sandra Steyn, Anelda Burger, Jolene Cordier
**Agterste ry v.l.n.r:** Petro Heyneman, Yvette Swart, Sunee Pheiffer, Levona Francke, Hester Lourens, Michelle Kluyts, Hayley Solomons



Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: (044) 601 1200 | avwyk@tagri.co.za
en Marika Ackhurst tel (028) 514 8654 | mackhurst@ssk.co.za
Renaissance Design & Print Studio (044) 691 3764